# Voegwoorde Reëls (Conjunctions)

Voegwoorde is woorde wat twee sinne aan mekaar verbind. In Afrikaans is daar drie verskillende groepe voegwoorde. Elke groep het hulle eie reël. As jy die reël volg, sal jou woordorde elke keer reg wees.

## Groep 1 – Die vriende.

Met woorde in hierdie groep bly die woordorde dieselfde:

Sin 1 + voegwoord + sin 2

**Leidraad: meow (cat) + dog**

maar - but

en - and

of - or

want - because

dog - but

Bv. Ek is bly.

Dit is my verjaarsdag. (want)

Ek is bly **want** dit is my verjaarsdag.

## Groep 2 – Die paar.

In hierdie groep skuif die **werkwoord** in die tweede sin na langs die voegwoord.

Leidraad: al die **'d'** woorde, behalwe **dog** en **dat** is deel van heirdie groep.

dan - then

daarna - and then

dus - therefore

daarom - therefore

anders - otherwise

Bv. Die man het al die geld gesteel. Hy **het** tronk toe gegaan. (**daarom**).

Die man het al die geld gesteel; **daarom** **het** hy tronk toe gegaan.

## Groep 3 – Die vyande.

In hierdie group skuif die **werkwoord** in die tweede sin, na die einde van die sin.

**Leidraad: al die woorde wat in dat, wat eindig, en al die vraag woorde.**

| | | |
|---|---|---|
| **dat** - that | voor**dat** - before | Na**dat** - after |
| Wat - who, what | om**dat** - because | tot**dat** - until |
| Wie - who | so**dat** - so that | |

Bv. Hy is bly. Dit **is** naweek. (**omdat**).

Hy is bly **omdat** dit naweek **is**.



LIVEWORKSHEETS

# Aktiwiteit

Verbind die volgende sinne, gebruik die voegwoord tussen hakkies.




1. Anri is siek. Ons het die dokter geroep. (**daarom**)

2. Sy het al haar geld saam gebring. Die winkel was toe. (**maar**)

3. Hy kon nie gaan werk nie. Hy was siek. (**want**)

4. Ek sal gaan. Ek wil vroeg tuis wees. (**maar**)

5. Ons het hom gewaarsku. Hy wou nie luister nie. (**maar**)

6. Jy moet versigtig wees. Jy gaan val. (**anders**)

7. Ons moet vroeg begin stap. Ons kan betyds daar wees. (**sodat**)

8. Ek voel taamlik moeg. Ek gaan nou slaap. (**daarom**)


LIVEWORKSHEETS

9. Voltooi jou werk. Jy kan gaan speel. (**dan**)

10. Mohammed wil ook graag 'n roomys koop. Mohammed het nie geld nie. (**maar**)

11. Sy maak my kwaad. Ek sê niks. (**daarom**)

12. Hulle is baie arm. Hulle het nie genoeg kos nie. (**daarom**)

13. Dit is laat. Die kinders het alreeds gaan slaap. (**dus**)

14. Jy moet die vrugte van die boom af pluk. Die ape vreet alles op. (**voordat**)

15. Doen eers jou tuinwerk. Jy mag gaan speel. (**daarna**)

16. Hy het hard geval. Hy het nie gehuil nie. (**maar**)

17. Ons het oral gesoek. Ons kon hom nêrens vind nie. (**maar**)



visit twinkl.com

LIVEWORKSHEETS

18. Jy is oud genoeg. Jy behoort dit te weet. (**dus**)

19. Ek gaan bedank. Ons kan nie goed saam werk nie. (**want**)

20. Sonja gaan swem. Dit is 'n warm dag. (**omdat**)



LIVEWORKSHEETS